PAROW PANORAMA

God roep ons › God stuur ons

# Quattro



## April – Junie 2020

021 930 3100

Rembrandtsingel 14, Panorama, Parow 7500



# Toe & Nou

**Sondag 15 Maart 2020**

Soos gewoonlik is die kerkgebou vol vir die 9:00 erediens. Ná afloop van die diens kuier almal heerlik rondom 'n koppie tee of koffie en lekker eetgoed in die saal, terwyl die kinders by hulle Bybelskoolklasse is.  Almal is vrolik, vang op oor die afgelope week en beplan vir die week wat voorlê. Ook by Panorama Palms luister inwoners aandagtig na die Boodskap. Rondom 11:00 is die Palms se diens verby, en inwoners keer terug na hulle wonings. So net voor 11:00 sluit Alfred die deure en hekke by die kerk, en die laaste motors verlaat die parkeerterrein. Sondagaand reik die senior-jeug uit na die Nagskuiling in Bellville. Ons bedien die inwoners met die Woord, sang en 'n lekker warm maaltyd. Teen 20:00 pak ons op, groet en keer terug huis toe.

Hierdie was vir ons 'n normale Sondag, 'n dag waarop ons God en ander kon dien deur middel van ons sang, aanbidding en uitreike. Maar toe verander dit heeltemal ... Dieselfde aand kondig President Ramaphosa noodmaatreëls aan om sosiale afstand te beheer en die veiligheid van alle Suid-Afrikaners te verseker. Koronavirus en *Covid-19*  is op almal se lippe en begin ons daaglikse roetine oorheers. Die skole sluit vroeër, sosiale byeenkomste word afgestel, 'n 14 dae-inperkingstyd word aangekondig, ons landsgrense word gesluit en ons verloor ons vryheid. Ons "normaal" bestaan glad nie meer nie, en ons word gedwing om anders te dink en te doen, ook oor hoe om kerk te wees gedurende hierdie tyd.

Ons begin op ’n Sondagoggend baie beskeie met ’n kort oordenkingsvideo, wat kindertyd en sang insluit. Dit word elektronies uitgestuur. Agter die skerms werk ons hard om meer te doen en ons gemeente en gemeenskap beter te bedien. Die oordenkingsboodskappe brei uit en ons hou tuis nagmaal tydens ’n aanlyn-erediens op Goeie Vrydag. Die inperkingstyd word verleng en ons moet weer nuut dink. Leraars begin met tuisopnames en ons lofprysingsgroep skep ’n virtuele video met ’n baie gepaste lied — die oorwinningslied — want, ons laat nie toe dat enigiets ons terughou nie.

## Sondag 24 Mei

Voorbereidings vir ons 9:00 erediens begin alreeds om 8:00. Net ’n paar van die baie mense wat gewoonlik by Sondag-eredienste betrokke is, daag by die kerkgebou op. Ons is beperk wat getalle betref. By die deur word daar getoets vir koors, vorms word ingevul en almal se hande word deeglik gesteriliseer. Daar is mense wat help met klank, rekenaars, kameras en beligting. Net ’n paar mense van die lofprysingsgroep, en die leraar wat voor regstaan. Stiptelik om 9:00 begin die erediens — sonder enige ander gemeentelede in die kerkgebou. Al die banke is leeg, maar die impak is groot. Die diens word lewendig uitgesaai — direk op ons eie *YouTube* kanaal. Ons bereik baie meer mense as net ons eie gemeentelede, en dit is nie waar dit eindig nie. Die Sondagaand gaan ons groter, met drie Pinksterreekse wat begin. Ons maak voorsiening vir alle gemeentelede en ouderdomsgroepe op verskillende tye. Vir die volwassenes is daar selfs twee reekse om te volg, en die kinders skop af met hulle eie reeks — alles elektronies. Ons bereik dubbel soveel kinders as die vorige jaar tydens Pinkster, selfs so ver as die Oos-Kaap. Oud en jonk kuier na die tyd verder op Zoom.

Ons sê dankie aan God vir al ons seëninge. Ons kan steeds kerk wees, ten spyte van alles wat in die wêreld rondom ons gebeur.

**”... want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”**

**Matt. 18:20 (AFR83)**



# Jeugbediening:

## Die Nuwe Normaal

In ’n oogwink het alles verander en het ons besef dat die inperking ook ongelooflike geleenthede bied. Ons het nie op ons laat wag nie, en dadelik aan die werk gespring om die beste van elke geleentheid te maak.

Ons het weer eens besef hoe belangrik verhoudings is – nie net binne ’n huisgesin nie, maar ook as die groter kerk. Daar was ’n leemte – die kinders het die kuiergeleenthede begin mis. Hulle wou saam met hulle maats kuier en voortgaan met weeklikse Bybelskoolklasse. Ons het begin met aanlyn Bybelskool-klasse, waar die kinders weer saam met hulle vriende in geloof kan groei. Terugvoer is positief, en ons wil regtig vir al die jeugherders baie dankie sê vir hulle moeite en energie om die klasse op dié manier aan te bied.

Vir die tieners het ons ook elke Sondag ’n Zoom-kleingroep wat 17:00 begin. Hier vang ons kortliks op oor hoe dit gaan, en dan praat ons oor die meer ernstige dinge, en moeilike geloofsvrae asook ander kwessies wat elkeen individueel ervaar.

Hierdie jaar is dit ook die eerste keer (ooit) dat ons Kinderpinkster eksklusief aanlyn aangebied is. Dit het ook met nuwe uitdagings gekom, dinge soos tuispakkette wat voorberei moes word, deeglike kommunikasie en voorbereiding en BAIE entoesiasme. Ons het aanlyn-inskrywingvorms geskep om terugvoer te kry van ouers, en dit oral op sosiale media bemark. Die reaksie was ongelooflik goed, en ons het meer as 70 inskrywings ontvang. Die effek van die inperking het veroorsaak dat meer mense as ooit tevore tyd kon maak vir hierdie belangrike week in elke Christen se lewe. Veral die kinders was opgewonde oor die nuwe manier van aanbieding.

Die elektroniese aanbiedings het beslis ook baie voordele! Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kerk is daar nou ook aan maniere gedink om na buite te fokus eerder as om te sit en wag dat mense na ons toe kom.

Daar is nog 'n hele klomp idees en maniere wat ons ondersoek om ons kinders beter te bedien. Die inperking het ongelukkig ook veroorsaak dat baie van ons geskeduleerde byeenkomste en aktiwiteite vir die jaar eers opsy gesit moes word. Ons Potjiekos-kompetisie en die uitreik na Lesotho is ongelukkig afgestel en die Jeugweek is vir eers op ys geplaas. Ons pas aan maar, skeep nie af nie!



















VITRULE KINDERPINKSTER 2020


PANORAMA KINDERPINKSTER
2020


NGK Parow-Panorama Virtuele Bybelskool







# Nuus van die Finansiële Kommissie

In net bietjie meer as ’n maand het die wêreld voor ons oë onherroeplik verander en die vraag is nou: Hoe lyk die toekoms?

Net een antwoord is tans seker — almal is onseker!

Op die oomblik wag en kyk ons hoe die proses vir opheffing van die grendeltyd gaan verloop. Dit is egter taamlik seker dat byeenkomste van groot getalle, soos ons eredienste, vir die volgende aantal weke en moontlik selfs maande, nie toegelaat gaan word nie.

Watter finansiële implikasies het die grendeltyd op ons gemeente se finansies, met spesifieke verwysing na ons inkomstebronne?

- Bankkollektes – ons gemeente is afhanklik van lidmate se bydraes en geen eredienste beteken, behalwe vir Snapscan of EFT, geen inkomste.
- Rente-inkomste op belegging — daling weens verlaging in die rentekoers.
- Alle beplande projekte en fondsinsamelings is gekanselleer of uitgestel vir die nabye toekoms.

Hierdie is maar 'n paar van die uitdagings waarmee ons tans gekonfronteer word op die inkomstekant, en die volle impak van die krisis kan dalk eers in die volgende paar maande gevoel word. Die effek sal waarskynlik vir die res van die finansiële jaar voortduur.

Intussen moet al ons uitgawes nog steeds hanteer word, en moet ons baie mooi begroot en beplan. Ons sal nie graag die kernwerksaamhede van God se gemeente wil afskaal nie, want ons kerk moet 'n besondere getuienis in ons omgewing lewer.

Hulpverlening is 'n groot deel van ons roeping, en met al hoe meer mense wat by die kerk aanklop vir finansiële en emosionele bystand, gaan ons gemeente toenemend meer betrokke moet raak.

Ek wil dus graag lidmate aanmoedig om ons gemeente asseblief finansieel te bly ondersteun. Terselfertyd wil ons ook graag DANKIE sê vir almal wat so getrou elke maand dankoffers inbetaal.

Ekonomies, emosioneel, fisies en geestelik word ons almal tot 'n mindere of meerdere mate geraak deur hierdie virus. Kom ons sien hierdie seisoen ook as 'n geleentheid om draers van hoop te wees — ons is immers Jesus se kerk!

Chris Diedericks

Voorsitter Finansiële Kommissie — Junie 2020.



# Raak betrokke by ons kommissies

## Diensgetuienis-kommissie

Hierdie is die hart van ons gemeente — God se Woord in aksie. Die doel van Diensgetuienis is om so inklusief as moontlik te wees en 'n platform daar te stel waar gemeentelede welkom en gemaklik kan voel om betrokke te raak in dit waarvoor God die gemeente roep.

**WAAR KAN JY HELP?**

- Ruyterwacht Senior Sentrum & Sopkombuis
- Panorama Palms en die versorging van bejaardes binne die grense van die gemeente
- Kospakkieprojek en insameling van tweedehandse klere
- Huiswerkers — ons bied 'n kleingroep vir alle huiswerkers in die gemeente
- House of Hope — die gemeente in Khayelitsha met wie ons hande vat
- MES Nagskuiling (Bellville Safespace) en Straatwerk
- Bless-a-Baby
- Gebedsbediening

Diensgetuienis het ook onlangs 'n projek geloods om fondse in te samel deur R5'e in gemerkte pilhouers te spaar. Hierdie fondse sal aangewend word vir bydraes tot die instansies waar ons gemeente reeds betrokke is.

Alfred Groenewald is die voorsitter van Diensgetuienis. Hy is 65 jaar oud en woon al vir die afgelope 36 jaar in Panorama. Hy is getroud met Sandra en het twee seuns en skoondogters met drie kleinkinders in Engeland.

Kontak vir Alfred as jy betrokke wil raak.



Alfred Groenewald
082 663 7237
diensgetuienis@parow-panorama.co.za

# Finansiële Kommissie

Die hooftaak van die Finansiële Kommissie is die beheer en bestuur van die kerk se fondse. Dit word gedoen deur streng volgens die jaarlikse begroting te werk en aanbevelings en voorstelle te maak met betrekking tot inkomstes en uitgawes. Gereelde kommunikasie met die kerkraad is van kardinale belang en vind maandeliks, dikwels weekliks en soms daagliks plaas.



Die kommissie bestaan uit die volgende lede:

Chris Diedericks (Voorsitter)
083 265 7211
finansies@parow-panorama.co.za

Ander lede van die kommissie is Jako Diedericks, Petrus Erasmus, Stephan van der Walt en Ulrich Truter.

Retha Swanepoel het op 1 Maart 2020 by Fransie Kloppers oorgeneem as die kassier. Sy is al vir 23 jaar 'n lidmaat, en aktief betrokke in die gemeente. Retha is getroud met Hymie en hulle het twee seuns wat albei verder studeer.

Kontak Retha by
kassier@parow-panorama.co.za

## Jeug-kommissie

Die jeug is ons gemeente se passie, en die Jeugkommissie probeer om soveel as moontlik jongmense betrokke te kry by gemeente-aktiwiteite dwarsdeur die jaar. Hulle skakel ook in by gemeentetake, soos die gasvryheidsaksie (ontvangs by deure), kollekte tydens die eredienste en tee skink na eredienste, klank en lofprysing en vele meer. Op so 'n manier en ook dmv fondsinsamelings poog hulle om nie net die jeug te betrek nie, maar ook die brug oor te steek na ons lidmate wat nie meer onder die jeug val nie.
Elke kwartaal is propvol, maar dit word met ywer aangepak want die kinders en jong volwassenes word as die toekoms van die gemeente gesien. Ook op geestelike gebied word daar baie vir die jeug gedoen in die vorm van Bybelskool, 'n kleingroep vir tieners, KfJ (Kids for Jesus) vir die laerskoolkinders op Vrydagmiddae (tot graad 6) en dan ook 'n Vrydagaand-jeugbyeenkoms vir die hoërskoolkinders.

Elke jaar stuur ons gemeente ook baie van ons kinders na die *Imagine*-kamp vir tieners, waar hulle geestelik toegerus word. Ons jeug stel ook 'n goeie voorbeeld deur twee keer per kwartaal uit te reik na die MES Nagskuiling.
Kontak die jeug indien jy graag hier betrokke wil raak.

Helieta Engelbrecht is sedert 2015 die voorsitter van die Jeugkommissie, en is deel van Panorama gemeente vanaf 2002. Sy is getroud met Ian, en het twee seuns. Sy is lief vir musiek, 'n oud-onderwyseres en gee musieklesse by kleuterskole. Sy is lief vir die see.

083 320 6337
jeugvoorsitter@parow-panorama.co.za



Ander lede van die kommissie is: Johan de Bruin (ondervoorsitter), Tara Nieuwoudt (sekretaresse), Stefan Fourie (jeugwerker), Thea Diedericks, Louise Stevens, Amanda Lindeque en Janlu Paulsen.



# MES

Ons selgroep het so twee jaar gelede begin gesels oor ’n behoefte wat ons as groep gehad het om ”iewers” te gaan uitreik. Dit moes egter ook by ’n plek wees waar ons kinders betrokke kon wees. Ons wou graag ook ons kinders blootstelling gee.

Gepantser met kos, liedjies, lekkergoed, kitare, opgewondenheid en Ds. Francois, het ons een Sondagaand groot-oog by die skuiling in Bellville aangekom. Ds. Francois het die Woord bedien, ons het saam met die mense van die skuiling gesing en gebid en daarna het die kinders vir hulle kos uitgedeel.

Aanvanklik het ons in die slaapsaal bymekaargekom. Ons het almal maar saamgebondel, nie seker wat om te doen of hoe om dit te doen nie. Klein Gideon (4 jaar oud), het vir ons gewys hoe dit gedoen word. Hy het ook van die kos gekry wat ons uitgedeel het, en sommer net daar tussen die mense gaan sit, saam met hulle geëet en met hulle gesels. (Jesus se woorde van Matt. 18:3 het by my opgekom: ”Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.”)

Die volgende keer toe ons weer gaan, het ons tot ons ”ontsteltenis” gehoor dat ons self die Woord moet bedien — en nou, ’n paar jaar later, is ons gemeente so betrokke daar dat verskeie bedieninge en groepe omtrent elke Sondagaand by MES se nagskuiling is. Gemeentelede bedien self die Woord, help met klank, voorsang en speel kitaar. Die jeug help ook met voorsang, begeleiding, lees uit die Bybel, bid, deel kos uit en gesels met die mense.

Ons het beleef en ervaar dat daar diep-gelowige Christene onder hierdie haweloses is. Ons het self ook geestelik gegroei. Dit maak 'n groot verskil om 'n persoonlike verhouding met hierdie groep mense te bou, hulle in die oë te kyk, hulle aan die hand te vat en 'n pad met hulle te stap. Die manier waarop hulle die Here dien en hoe hulle hul volle vertroue in die Here stel, het ons ook 'n paar lesse geleer. Dit forseer ons om 'n bietjie selfondersoek te doen in ons eie verhouding met God.

Die MES skuiling is veilig en die mense is vriendelik. Ons het oor die jare 'n stelsel ontwikkel van hoe alles werk, en dit is baie maklik om in te skakel of om dit self te doen. Verlede jaar het ons die haweloses geseën met 'n Kersete en geskenkpakkies, en ons hoop om hierdie jaar dieselfde te doen indien omstandighede dit toelaat.

Raak asseblief betrokke by uitreike. Dit is nie net 'n seën vir die mense wat bedien word nie -  maar ook vir jouself – jy word direk daardeur positief beinvloed.

Retha Swanepoel



# So lyk ons gemeente

## (deel twee)

Soos  julle weet, het ons 'n luisterspan opgelei wat met ’n wetenskaplik-saamgestelde steekproef van lidmate oor ons gemeente gaan gesels het. Daar is agt vrae aan hulle gestel. Besonderhede oor vraag 1 en 2 is breedvoerig in die vorige uitgawe van Quattro bespreek. Ons bespreek in hierdie uitgawe die antwoorde op die volgende twee vrae (vrae 3 en 4) wat aan hulle gestel is.

Die respondente is (in vraag 3) versoek om te vertel van stories wat  illustreer hoe lidmate bewus is van God en hoe hulle ervaar dat Hy teenwoordig en werksaam is. Volgens hulle antwoorde word God se teenwoordigheid ervaar deurdat meer mense betrokke raak en die lidmaatgetalle groei danksy die rol van die leierskap, die leraar en die jeugwerker. God se teenwoordigheid word ook ervaar wanneer die kerk voller is en wanneer daar spesiale geleenthede is. Nog ander ervaar Sy teenwoordigheid in die ”samesyn”. Ander weer, ervaar God tydens uitreike en Godstories.

Ons wonder in hoeverre ons geestelike leiers daarin slaag om lidmate te help om voortdurend in die teenwoordigheid van God te leef, en Sy teenwoordigheid in die alledaagse dinge te ervaar. Watter rol speel getuienisse (”Godstories”) in ons samekomste om op God te fokus? Hoe kan ons mense help om makliker oor God te praat en te getuig? Dra ons kennis van plekke buite ons gemeente waar God in die gemeenskap aan die werk is? En deel ons dié stories van hoop met mekaar en ander geloofsgemeenskappe?

In die volgende vraag word die respondente versoek om aan te dui op watter maniere lidmate gehelp word om God drie-enig te aanbid. Volgens hulle help die eredienste en prediking hiermee, veral spesiale eredienste. Lof en aanbidding help mense ook "om met die Here te praat." Dieselfde geld tov gebed, kleingroepe, uitreike en persoonlike beproewing. Ons het sommer gewonder wat die fokus van aanbidding in ons gemeente is, en of ons ons lidmate genoegsaam aanmoedig om behalwe die georganiseerde byeenkomste, ook persoonlike geloofs-gewoontes aan te leer. Beskik ons gemeente oor 'n gebedsbediening waar die gebedskultuur verder ontwikkel kan word?

Die antwoorde van ons mense bied weer eens vir ons genoeg stof tot nadenke.

# So lyk ons gemeenskap

## (deel twee)

Julle sal waarskynlik onthou van die projekspan wat deur ons kerkraad saamgestel was om vas te stel hoe die breër gemeenskap daar uitsien. Die opdrag van die projekspan was om die kategorieë van nood te identifiseer en te beskryf aan die hand van Matt. 25:31-46. Ons het in die eerste aanbieding op die aard en omvang van misdaad in ons gemeenskap gekonsentreer. In ons tweede en laaste aflewering kyk ons na die omstandighede by die laerskool Panorama, Badisa Tygerberg, Panorama Mediekliniek, die SAPD en randfigure.

### Laerskool Panorama

Die grootste probleem is swak dissipline en algemene gedrag van leerders, morele verval en geen respek vir ander nie. By baie leerders bestaan daar geen waardesisteem nie. Die probleem manifesteer by ongeveer 3% van die leerders in 'n klas. Die graad van die probleem raak elke jaar erger. Oorsake: verbrokkelde gesinne weens egskeiding, afwesige vaderfigure en swak samewerking van ouers wanneer die skool die probleem ten opsigte van 'n spesifieke leerder probeer aanspreek. In al die gevalle wat aangespreek word is die leerder se ouers geskei en is daar geen geloofsoortuiging by die gesin aanwesig nie. Moontlike oplossings: die skool poog om geskikte rolmodelle aan die leerders voor te hou, bv. deur middel van mans onderwysers in afrigter-rolle, veral in sport. Daar word ook baie klem op waarde-ontwikkeling in die klaskamer geplaas. Die skool het ook 'n leerder-ondersteuningspan met 'n voltydse sielkundige op die perseel.

## Badisa Tygerberg

Die areas van nood is armoede, kindermishandeling en -verwaarlosing, en bendegeweld. Tans is ongeveer 598 kinders in pleegsorg. In 2019 is sowat 5774 gesinne bereik en dienste gelewer. Dit is 'n lang-termynprobleem, en dit is besig is om toe te neem. Die onderliggende oorsake is armoede, werkloosheid en morele verval.
Wat is die oplossing? Die uitdagings moet op makro-, meso- en plaaslike vlakke kollektief hanteer word. Daar moet 'n politieke wil by die belanghebbendes wees. Badisa het die ondersteuning van kerke baie nodig. Badisa Tygerberg het 'n mandaat van die staat en kerk ontvang om kinderbeskermingsdienste te lewer ingevolge die Kinderwet. Slegs BADISA Tygerberg mag kinderbeskermingsdienste in hierdie areas lewer.

## Panorama Medikliniek

Die grootste probleem is hart- en ander leefstyl-siektetoestande wat voorkom by die meerderheid pasiënte wat privaatgesondheidsorg gebruik. Vyf en twintig persent van sterftes word hieraan toegeskryf. In SA vind daar 5 hartaanvalle per uur plaas.Die demografiese verspreiding is metropolitaans. Die pasiënt-demografie is soos volg: 45% Engelssprekende en 55% Afrikaanssprekende pasiënte, waar ons 20 jaar gelede oorwegend Afrikaanssprekende pasiënte gesien het. Vyftien persent is ouer as 75 jaar, 68% is ouer as 40 jaar, en 10% is jonger as 15 jaar. Die risikofaktore sluit diabetes, cholesterol, vetsug, swak dieet, onaktiewe leefstyl, rook en alkoholgebruik in.Die hospitaal verskaf inligting aan pasiënte dmv ondersteuningsgroepe soos *Healing Hearts* en die diabetes-ondersteuningsgroepe. Hulle verskaf inligting tydens hart- en beroertemaande, en doen gratis gesondheidstoetse. Die Sielkunde-afdeling verskaf pre- en post-operatiewe berading en begeleiding aan pasiënte en familie. Hulle verskaf ook berading aan personeel waar nodig.

## SAPD

Wat ernstige misdaad betref is daar tans geen noemenswaardige probleme in die Panorama-area nie. Plattekloof en Welgelegen word af en toe geteiken vir inbrake. Buurtwagte en sekuriteitsmaatskappye verwyder gereeld bosslapers en plakkers.

## Randfigure in die groter Parow area

Die uitdagings is legio: armoede, morele verval, werkloosheid, substans-afhanklikheid / alkoholisme, gesinsverbrokkeling, kindermishandeling, gesinsgeweld, haweloosheid, vereensaming, verwaarlosing, onbetrokkenheid, gebrek aan ouervaardigheid en leierskap van sterk vaderfigure, mense wat sukkel om verhoudings te bou, afvalligheid van 'n kerk of geloof, geskeides, enkelouers, minagters van gesag, wetsoortreders, siekte en gestremdheid.

Die grootste oorsake is werkloosheid, armoede en morele verval. Die uitdagings binne ons gemeenskap stem in hoofsaak ooreen met dié van die groter gemeenskap van Parow.

## Ten slotte

Hierdie oorsig daag ons uit om — getrou aan ons gemeenteroeping — individueel en gesamentlik by die nood in ons gemeenskap betrokke te raak. Dit is immers waartoe die kerk as gestuurde geloofsgemeenskap geroep is. God roep ons. En God stuur ons ...